



# Koue trekke se moses!

Wie sou kon  
dink dat 'n ruspe,  
'n hondjie en 'n  
lekker iets met  
mekaar gemeen  
het? Maar dié  
drie het — hulle  
maak kiertjies  
toe!

deur HENRIETTA LOUW

**AFKORTINGS:** Brei: ks - koussteek (1 ry regs, 1 ry aweregs); st(e) - steek(steke); vermeer - vermeerder; vermin - verminder. Hekel: kb - kortbeen; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; weersk - weerskante.

(Afkortings het betrekking op al drie trek-worse.)

## DASHOND

**BENODIGDHEDE:** Fiesta Kwik-Knit, ongeveer 150 g bruin, 50 g pienk, 100 g swart, paar gram wit; breinaalde van 4 mm; stuk seildoek, 45 x 120 cm; 200 g kapok om mee op te stop.

L.W.: Gare word deurgaans dubbel gebruik.

**AANWYSINGS:** Met bruin, stel 8 ste op en brei ks, vermeer 6 ste egalig gespasieer oor 1e ry.

In vlg 9 rye hou aan met vermeer van 6 ste bokant die 6 vermeer in 1e ry, aan RK sowel as aan VK van werk.

Brei reguit voort tot werk 75 cm lank is. Vermin 1 st aan weersk van elke ry en 2 ste in middel tot daar 6 ste oorbly. Heg af.

Vir pienk onderkant, stel 3 ste op en vermeer 1 st aan beg van elke ry tot daar 26 ste is. Brei 4 cm reguit. Vermin 1 st aan weersk elke 2 cm, 4 keer. Vermin dan 1 st elke 4 rye 5 keer. Vermin daarna 1 st in alle RK-rye tot alle ste afgeheg is.

**POTE:** Met pienk, stel 12 ste op en brei 4 rye ks. Vermin dan 1 st aan beg van elk van vlg 4 rye. Heg oorbly ste af. Brei nog 3 sulke pote.

**HALSBAND:** Met pienk stel 6 ste op en brei 30 cm ks. Heg af.

**KOLLE:** Met swart, stel 8 ste op en brei ks. Vermeer 1 st aan beg van vlg 4 rye. Brei 4 rye reguit. Vermin 1 st aan beg van elk van vlg 4 rye. Heg af. Brei nog 'n paar kolle van verskillende grootte.

**STERT:** Met bruin, stel 18 ste op en brei 14 rye ks. Heg af.

**ORE:** Met swart, stel 20 ste op en brei 6 rye ks. Vermin 1 st aan weersk van elke ry tot 4 ste oorbly. Heg af.

Brei nog 3 sulke ore en werk hulle in twee pare aan kop vas.

**PET:** Met swart, stel 28 ste op en brei ks, laat 2 ste meer ongebrei aan elke kant tot daar 12 ongebreide ste aan elke kant is.

**13e en 14e ry:** Brei oor alle ste.

Herh 1e tot en met 14e ry vyf keer, heg dan alle ste af. Werk die twee oop kante van pet toe, vou dubbel na VK en werk die twee punte oormekaar vas.

**KOP:** Vir pienk deel van kop, stel 12 ste op. Brei ks. Vermeer en vermin, soos op foto gesien kan word, om regte vorm te verkry. **OË:** Brei 'n paar steke met wit en swart om oë te vorm. Maak die wit deel effens groter as die swart. Plaas die swart deel oor die wit en werk só vas dat die swart die helfte van die wit bedek.

**AFWERKING:** Raadpleeg foto en werk swart kolle op rug vas, die oë op pienk deel van kop, die pienk deel aan snoet. Met swart gare word 'n ry kettingsteke al om pienk geborduur. Werk hond toe en laat 'n opening van 20 cm. Met seildoek, maak 'n buis van 90 cm lank en omtrek van 40 cm. Vul dit met kapok. Hou bietjie kapok agter om stert mee op te stop.

Werk die twee eindpunte van buis toe. Steek seildoekbuis in gebreide oortreksel en werk opening toe. Stop stert op en werk aan lyf vas. Werk die twee ore vas aan bokant van pienk deel van kop. Werk pet in middel van kop vas waar ore bymekaarkom. Maak 'n klein swart pompon en werk aan punt van snoet vas. Werk pienk halsband vas.

## RUSPE

**BENODIGDHEDE:** Fiesta Kwik-Knit, ongeveer 150 g wit, 100 g oranje, paar gram

swart; 4-mm-breinaalde; wit seildoek, 120 x 45 cm; kapok om mee op te stop.

**AANWYSINGS:** Die ruspe word koussteek gebrei. Met wit, stel 12 ste op en brei eerste ry ks; vermeer 1 st elke 2 ste (4 ste vermeer).

In vlg rye word weersk van werk 1 st bokant dié in 1e ry vermeer, tot daar 62 ste is.

Brei voort tot werk 70 cm lank is, vermin dan 1 st weersk in vlg 16 rye en 2 ste in middel van rye.

Wanneer werk voltooi is, moenie afheg nie. Plaas die ste op 'n stuk gare van dieselfde soort en kleur.

Met oranje, stel 28 ste op, brei ks tot werk 70 cm lank is. Vermin dan 1 st weersk in elke ry en 2 ste in middel vir 5 rye. Wanneer werk voltooi is, moenie afheg nie, maar plaas ste ook op 'n stuk van dieselfde gare.

Om oë te maak, stel 3 ste met swart gare op en vermeer 1 st aan beg en einde van elke ry vir 5 rye; brei 2 rye reguit, vermin dan 1 st aan weersk van elke ry vir 5 rye. Heg oorbl 3 ste af.

**AFWERKING:** Werk die dele aanmekaar soos op foto gesien kan word. Voltooi oë met kettingsteke en groot steke. Laat 'n opening van 20 cm. Maak 'n buis van seildoek, 90 cm lank en met 'n omtrek van 40 cm. Laat een kant oop en stop met kapok. Trek die punte met deurgerygde gare toe. Plaas seildoekbuis in gebreide oortreksel en werk toe. Maak inkepings om dit soos 'n ruspe te laat lyk.



## REUSELEKKER

**BENODIGHEDE:** Fiesta Kwik-Knit, 50 g pienk, 50 g donkerpienk, 50 g wynrooi, 50 g rooi; breinaalde van 4 mm; hekelpen van 3 mm; seildoek 45 x 120 cm; 200 g kapok om mee op te stop.

**L.W.:** Die gare word deurgaans dubbel gebruik.

**AANWYSINGS:** Die lekker word in strepe gebrei. Wissel die kleure elke 8 rye in volgorde van pienk, donkerpienk, rooi en wynrooi af. Om die diagonale streepeffek te verkry, moet só te werk gegaan word: Stel 2 ste op, brei ks, en vermeer 1 st aan beg van elke ry tot daar 84 ste is.

Hou aan met vermeer van 1 st aan beg van elke r-ry en vermin 1 st aan einde van dieselfde ry.

Brei 75 cm op dié wyse, vermin dan 1 st aan beg van elke ry tot 2 ste oorbly; heg af.

**KOORDE:** Met donkerpienk, stel 8 ste op en brei 10 cm ks. Maak 'n tweede koord op dieselfde wyse.

**AFWERKING:** Hekel 'n ry kb oor die twee kort rande van die „lekker”. Wissel die kleure sodat pienk en pienk, donkerpienk en donkerpienk, ens. regoor mekaar val. Werk die twee kort kante af. Maak 'n buis van seildoek, ongeveer 82 cm lank, werk een lang en een kort kant toe, stop op met kapok en werk tweede kant toe. Steek buis in oortreksel. Laat oortreksel 11 cm aan albei kante by stopsel verbystek. Bind die twee donkerpienk koorde stewig vas by die punte waar die stopsel eindig.

